Afriforum dien klag van rassedisskriminasie namens twee studente by die Menseregtekommissie in.

Maandag, 28 Desember 2009

Die burgerregte inisiatief AfriForum het I klag van rassediskriminasie namens twee studente, Etienne en Stiaan Terblanche, by die Menseregtekommissie teen die Tafelberg Nasionale Park ingedien nadat dié twee studente verblyf by die People’s Trail Hut geweier is omdat hulle wit is.
Die studente, wat tydens I staptog op Tafelberg op die People’s Trail Hut afgekom het, het die telefoonnommer wat op die hut se deur staan, geskakel om te verneem of hulle die hut vir I nag kon bespreek. Hulle is toe telefonies meegedeel dat die hut slegs deur swartmense gebruik mag word en nie vir witmense is nie.